**Verteenwoordiging** op die KFGGW Komitee vir Nagraadse Navorsing (KNN) word deur die nagraadse navorsingsproduktiwiteit van elke akademiese departement bepaal.

Enige lid van 'n departement, soos deur die Departementshoof benoem, mag op die KNN dien. E-pos asseblief enige veranderinge met betrekking tot verteenwoordiging op die KNN direk na Dr Groenewald by lgr@sun.ac.za, gekopiëer aan Prof Gey van Pittius by researchfhs@sun.ac.za. Departementshoofde word vriendelik versoek om 'n nuwe verteenwoordiger te benoem *voordat* die termyn van 'n vorige lid beëindig word; en om 'n plaasvervanger, te benoem, sou 'n lid met sabbatsverlof gaan. Dit steun die effektiewe voortsetting van komiteewerk soos oorsigpaneel verteenwoordiging, en om tydens vergaderings 'n kworum te bereik.

**Termyn van lidmaatskap**: Gewone lidmaatskap duur totdat 'n departementele verteenwoordiger bedank, aftree, of deur die betrokke departementshoof vervang word.

**Samestelling**: Die Visedekaan: Navorsing en Internasionalisering, Prof NC Gey van Pittius, is die Voorsitter van die FGGW KNN. Die hoof van die FGGW Doktorale Kantoor, Dr HL Groenewald, is die Sekretaris van die komitee. Ex officio lidmaatskap word ook aan die FGGW Dekaan, die Visedekaan: Leer en Onderrig, die voorsitter van die Tygerberg Nagraadse Studenteraad, die Adjunkregistrateur, en die hoof van die Gesondheidsnavorsingsetiekkantoor toegeken.

Klik hier vir 'n lys van huidige KNN-lede.